

PORTRETTE VAN DIE SIEL

DEUR

SCHALK VAN ZUYDAM

NASIONALE DIPLOMA IN FOTOGRAFIE

Hierdie skripsie word voorgelê as vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die Nasionale Diploma in
Fotografie in die Fakulteit Geesteswetenskappe

Technikon Vrystaat

November 1995

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN ILLUSTRASIES	i
INLEIDING	
Doelstelling	1
Probleemstelling	1
Hipotese	1
HOOFSTUK 1	
Geskiedenis	2
HOOFSTUK 2	
Bespreking van enkele portretfotograwe se werk:	
Diane Arbus	11
William Klein	15
Robert Mapplethorpe	19
Roger Ballen	20
HOOFSTUK 3	
Beligting	24
HOOFSTUK 4	
Film	26
HOOFSTUK 5	
Toerusting	28
HOOFSTUK 6	
Bespreking van eie werk	29
SLOT	62
BRONVERWYSINGSLYS	63

LYS VAN ILLUSTRASIES

Fig. 1.1	Meksikaanse dwerg in sy hotelkamer, New York. Diane Arbus	13
Fig. 1.2	'n Joodse reus in sy ouers se huis in die Bronx, New York. Diane Arbus	14
Fig. 2.1	Monster dans in Parys. William Klein	17
Fig. 2.2	Ongetiteld, portret van twee kinders. William Klein	18
Fig. 3.1	Vrou van abbattoir werker met drie hondjies, Vrystaat. Roger Ballen	22
Fig. 3.2	Tiener met glas oog, Wes-Transvaal. Roger Ballen	23
Fig. 4	Ongetiteld. Eie werk	31
Fig. 5	Ongetiteld. Eie werk	33
Fig. 6	Ongetiteld. Eie werk	35
Fig. 7	Ongetiteld. Eie werk	37
Fig. 8	Ongetiteld. Eie werk	39
Fig. 9	Ongetiteld. Eie werk	41
Fig. 10	Ongetiteld. Eie werk	43
Fig. 11	Ongetiteld. Eie werk	45
Fig. 12	Ongetiteld. Eie werk	47
Fig. 13	Ongetiteld. Eie werk	49
Fig. 14	Ongetiteld. Eie werk	51
Fig. 15	Ongetiteld. Eie werk	53
Fig. 16	Ongetiteld. Eie werk	55
Fig. 17	Ongetiteld. Eie werk	57
Fig. 18	Ongetiteld. Eie werk	59
Fig. 19	Ongetiteld. Eie werk	61

INLEIDING

DOELSTELLING

Hierdie studie is 'n poging om die *wesentlike kenmerke* van portretfotografie te bepaal en die kandidaat se eie werk in die lig daarvan te bespreek en te evalueer. Ten einde die doelstelling te verwesenlik, word 'n breedvoerige historiese oorsig gegee en enkele belangrike portretfotografiese werke bespreek.

PROBLEEMSTELLING

Portretfotografie het sedert sy ontstaan talle tegniese probleme oorkom en dramatiese vernuwings ondergaan wat in 'n groot mate verband hou met deurbrake in die natuurwetenskappe. Desondanks het die portretfotograaf te staan gekom teen sekere basiese probleme, wat trouens oorgeërf is van die portretskilder-kuns. Probleme soos die effek van beligting, karakterisering en posisionering van modelle en die verkryging van korrekte tonale waardes en kleure het voorgekom. Hierdie probleme hou direk verband met die portretfotograaf se eintlike doel, nl. die skep van 'n unieke portret. Die *wesentlike kenmerke* van portretfotografie hou myns insiens hiermee verband en hierdie kenmerke behoort agterhaalbaar te wees.

HIPOTESE

Alhoewel portretfotografie vanaf sy ontstaan ongeveer 150 jaar gelede dramatiese ontwikkelinge getoon en talle vernuwings beleef het, het portretfotografie met sekere basiese probleme geworstel wat as onveranderlikes beskou kan word. Die veronderstelling is dus dat hierdie onveranderlike faktore die *wesentlike kenmerke* van portretfotografie is en wel bepaal kan word.

HOOFSTUK 1

GESKIEDENIS

Die woord kamera kom van die Latynse begrip "Camera obscura". Dit was in sy eenvoudigste vorm 'n kamer met 'n klein gaatjie in die muur wat dan die buitenste landskap op die teenoorgestelde muur projekteer. In 1558 het Giovanni Porta reeds melding gemaak van die Kamera obskura. 'n Draagbare kamera obskura met glaslense om die beeld te verskerp, was toe reeds beskikbaar. Vir 'n lang tydperk was daar geen verdere ontwikkeling t.o.v. die sg. *kamera* nie, en die werklike deurbraak is eers gemaak toe dit moontlik word om fotografiese beelde vas te lê (Langford, 1980 : 7).

Dit het in 1826 gebeur toe Joseph Niecephore Niépce 'n metode ontwikkel het om fotografiese beelde vas te vang. Dit het bekendgestaan as heliografie. Die metode het as volg gewerk: 'n piouterplaat is met bitumen van Judea gesmeer en ligsensitief gemaak met nasfaltiese vernis. Beligtingstye van die foto's was baie lank. Die bitumen het hard geword nadat dit aan lig blootgestel was. Die onbeligte dele het sag gebly en is verwyder met laventelolie en terpentyn. 'n Ligte positiewe beeld was die eindresultaat. Hierna het ontwikkeling baie vinniger verloop. Niépce en Louis Jacques Mandé Daguerre het 'n vennootskap gestig om saam verder te eksperimenteer met fotografiese prosesse. Die ontydige dood van Niépce het egter die vennootskap kortgeknip. Daguerre het 'n belangrike deurbraak gemaak in 1837 deur die uitvinding van 'n meer bruikbare fotografiese proses. Sy metode wat bekend gestaan het as die Daguerretipeproses, was wyd toegepas en baie gewild vanaf 1840 tot 1851. Die proses het as volg gewerk: 'n metaalplaat is met jodiumdamp bedek wat 'n laag van silwerjodium tot gevolg gehad het. Die plaat was nou ligsensitief. Na beligting van die foto's is

die plaat gefumigeer met kwikdamp om die beeld te ontwikkel. Die beeld is gefikseer deur die plaat in 'n warm soutmengsel te plaas. Deur hierdie tegnieke kon baie belangrike historiese gebeurtenisse in die 1840's vasgelê word, en dit sluit ook belangrike portretfoto's in, bv. *Die Pragtige Vrou* wat vandag nog te sien is in *The society for the Preservation of New England Antiques* se versameling. (Blaker, 1988 : 5-7).

Die fotograaf Matthew Brady het in 1861 internasionale toekennings ontvang vir sy Daguerretipe portrette. Sy bekendste foto's was die van Andrew Jackson, John Quincy Adams, John C. Calhoun en Henry Clacy. Tydens die hoogty van die Daguerreproses was hy 'n groot aanhanger daarvan. Die Daguerreproses het egter hierna doodgeloop weens die feit dat dit om tegniese tekortkominge geen toekoms gehad het nie. (Lassam, 1989 : 29).

Van 1830 af het ook ander wetenskaplikes begin eksperimenteer om beter fotografiese metodes as die Daguerretipe te ontwikkel. 'n Voorganger op dié gebied was Sir John Herchel van Engeland. Hy het die woord *fotografie* geskep, en sy wetenskaplike eksperimente beoefen op glas in plaas van metaal soos in die Daguerretipeproses. (Langford, 1980 : 27).

Die eintlike deurbraak is egter gemaak deur Henry Fox Talbot, met sy Calotipeproses. In die proses is gebruik gemaak van papiernegatiewe wat sensitief gemaak is met silwerchloried, en na beligting, gefikseer is met 'n soutmengsel. Van die negatiewe kon positiewe geproduseer word. Later is die proses bespoedig deur die gebruik van gallonitrat en galiksuur. Op 31 Januarie 1839 het Talbot sy negatief/positief-proses aan die *Royal Society* in London aangekondig. Sy teks wat hy gepubliseer het, se titel was "The art of photogenic drawings". Alle latere fotografiese

prosesse is afkomstig van hierdie proses en hy kan beskou word as die vader van fotografie soos ons dit vandag ken. (Blaker, 1988 : 6-7).

Talbot het destyds al die belangrikheid van portretfotografie besef. Hy het bv. geëksperimenteer met beligting op die Petroclusbeeld, "The bust of Petroclus". Die effek van beligting op die foto's was uiters oorspronklik en die foto's is in die Museum van Berlyn uitgestal in Februarie 1989, om Talbot te vereer. Dit het uit nege foto's van die Petroclusbeeld bestaan, elkeen net anders belig. (Lassam, 1989 : 9).

In 1848 het die Calotipeproses se ondergang begin met Frederick Scott Archer se nuutgevonde proses. Die proses het bekend gestaan as die kollodion- of natplaatproses. In Maart 1851 het Archer sy uitvinding gepubliseer in die tydskrif "The Chemist". Die proses was tegnies ingewikkeld en veeleisend. 'n Mobiele donkerkamer wat ligdig was, was nodig. 'n Glasplaat is bedek met 'n emulsie wat fotografies sensitief was direk voor beligting van die foto. Die bedekte plaat is in 'n plaathouer geplaas terwyl die emulsie nog klam was. Die foto moes ook onmiddellik geneem word voor die emulsie uitdroog. Die plaat was 'n negatief en moes dadelik ontwikkel word na beligting. Pyrogallussuur is gebruik om die beeld te ontwikkel, en daarna is hiposulfaat van soda gebruik om die beeld te fikseer. 'n Positiewe beeld kon van die negatief gevorm word. Sy proses is nie gepatenteer nie, omdat hy nie die fooi kon bekostig nie. Die proses kon dus vryelik deur almal gebruik word sonder om 'n patentfooi te betaal. Ten spyte van al die tegniese vereistes het die vroeë fotografe ongelooflike sukses met dié proses gehad. In 1853 is die proses kommersieel aangewend. Roger Fenton, 'n bekende portretfotograaf, het baie indrukwekkende portrette geskep met hierdie proses tydens sy dokumentering van die Krimoorlog. Samuel Bourne,

'n portretfotograaf, het portrette van die Maharajas in Indië geneem en in Amerika is die tragedie van die Amerikaanse Burgeroorlog gefotografeer deur die fotografeer Matthew Brady en Timothy O'Sullivan. In Brittanje was Julia Margaret Cameron, 'n beroemde portretfotograaf, aktief besig met die fotografeer van vername mense. Sy het probeer om die karaktereienskappe van haar modelle uit te beeld. Lewis Charrol het ook die kollodionproses gebruik en hy het veral portrette van sy mede studente gemaak, asook interessante studies van jong meisies. (Lassam, 1989 : 8-19).

In Frankryk het Nadar 'n indrukwekkende reeks portrette geneem van kunstenaars wat leiers op hulle eie gebiede was. Verbeteringe aan die kollodionproses is in 1858 aangebring deur Mayall, 'n wetenskaplike. Hierdie verbeteringe is gepubliseer en dit behels dat papier met eierwit daarop gebruik moes word om sodoende die emulsie verder te ondersteun. Die eierwit moes geklits word, en daarna gemeng word met potassium, nitraat en silwernitraat. Die tonale waardes wat verkry is na hierdie verbeteringe, was ongelooflik goed vir dié tydperk. 'n Verdere verbetering op die nat kollodionproses, was die produksie van die ambrotipe - hier is gebruik gemaak van 'n glasnegatief wat swart geverf is agterop en sodoende is 'n positief gevorm. Baie ateljees het hierdie metode toegepas. Die kliënt het ook 'n spesiaal geraamde foto ontvang. Met die eerste gebruikmaking van kunsmatige ligsisteme en nuwe metodes van kameravervaardiging, het portretfotografie 'n winsgewende besigheid geword. Portretskilders het begin vrees vir hulle voortbestaan en stellings soos dié een deur Paul Delaroche is gemaak: "*From today painting is dead*". (Lassam, 1989 : 19).

Sekere portretfotografiese tegnieke het gewild geraak. Daar is bv. gekonsentreer op natuurlike vorms en tonale

kwaliteit. Die poseerder en die ruimte om hom, het belangrik geword, sagte beligting is gebruik en baie sterk portrette is hierdeur geskep. Die Amerikaanse fotografe Edward Steichen, Gertrude Kasebier, Clarence White, Alvin Langdon Coburn en Holland Day was meesters op die gebied van kreatiewe fotografie.

Ander fotografe het fotografie gebruik as 'n manier van storievertelling, baie keer gekoppel aan skilderye en gedigte. Henry Peach Robinson en Frederick Holyer het aan dié groep portretfotografe behoort. Uitgewers het begin om boeke te publiseer met foto's wat as illustrasies moes dien van die geskrewe werk. In digbundels is baie van illustrasie gebruik gemaak om die gedigte meer visueel uit te beeld. Die fotograaf, Tennyson, se "Lady of the lake" is 'n voorbeeld hiervan. (Lassam, 1989 : 22).

In 1814 het die gewilde "Carte de Visite" sy verskyning gemaak in Frankryk, Duitsland en Rusland. Die hele idee van "Carte de visite" het gekom van die Hertog van Palma wat 'n klein foto van homself op 'n besoekerskaart laat plaas het. Disdéri het hierdie projek bemark nadat hy Napoleon III gefotografeer het. Sels koningin Victoria se foto is op 'n "carte de visite" geplaas en te koop aangebied. Die fotografie-ateljees het geskilderde agtergronde gehad en mense het hulle beste klere aangetrek vir fotosessies. Dit was baie duur om sulke foto's van jou te laat neem. Die hele agtergrond is so uiteengesit om die poseerder so gemaklik as moontlik te laat voel. Vleierende foto's is geskep in hierdie rustige milieus. (Lassam, 1989 :22).

Die uitvinding van die droëplaatproses deur Richard Lee Maddox in 1871, het verreikende gevolge gehad vir die portretfotografe van die tyd. Deur gebruik te maak van gelatien in plaas van kollodion, kon fotografiesemateriaal nou lank voor gebruik vervaardig word. Ontwikkelingstye van

foto's kon vasgestel word, solank die chemikalië se temperatuur konstant was. Dr. Maddox het sy bevindings in 1871 gepubliseer. Fotografiese plaatfabrieke het na die publikasie van sy bevindings, begin om droë plate te produseer. Die firma's Wratten en Wainright en The Dry Plate Company van Liverpool was die eerste produsente. (Blaker, 1988 : 8-11).

In 1888 met George Eastman se bekendstelling van die Kodak Nommer een kamera, het 'n revolusionêre verandering in die kamera- en filmindustrie plaasgevind. Eastman was die stigter van die Kodak maatskappy. Die kamera was in boksvorm en het reeds 'n film met 100 negatiewe bevat. Nadat die foto's geneem is, moes die kamera terug geneem word na die Eastman fabriek, waar die foto's ontwikkel en gedruk is. Die kamera is dan terug besorg met 'n nuwe film daarin. Mense kon nou hulle familie en vriende sonder die ongerief van 'n groot kamera, afneem. Dit was 'n revolusionêre verbetering vir die tyd. Selfs beroepsfotograwe het hierdie nuwe uitvindsel begin gebruik. Fotografiese organisasies het tot stand gekom in lande soos Brittanje, Amerika, Frankryk en Duitsland. Die "Photographic Society of London" was reeds in 1853 gestig. Stigterslede was beroemde fotograwe, soos Emerson en Fenton. Die organisasie bestaan vandag nog en staan bekend as "The Royal Photographic Society" en is geleë in Bath. Tydens hierdie organisasie se eerste uitstalling in 1854, het meeste van die fotograwe van die kalotipeproses gebruik gemaak. In 1891 het daar 'n skeuring plaasgevind in die organisasie. Van die lede het geglo in die meganiese en wetenskaplike sy van fotografie, en ander in die kunsaspek daarvan. 'n Splintergroep is gestig onder die naam "Secessionists" gelei deur H. P. Robinson. Hy het gesê: *"If photography is ever to take its proper position as an art, it must detach itself from science and live a separate existence."* Uit die secessioniste-beweging is die "Linked

Ring" gevorm in 'n poging om meer lede te werf en sodoende 'n sterker organisasie te word. (Lassam, 1989 : 23-27).

In 1902 het Alfred Stigliz in Amerika 'n soortgelyke groep gevorm met die naam "Photo Secessionists in New York". Die London en New York organisasies is as sosiale klubs bestuur. Maandelikse ontmoetings is gehou wat gevolg is deur 'n ete. Hierdie lede het in hul portrette die aksent geplaas op atmosfeer, stemming en karakter. Portrette is geneem met die kamera op 'n afstand van tussen 20 en 35 voet vanaf die sittendes. Kameras was spesiaal vervaardig vir die neem van portrette op dié afstande. 8 X 10 formaat kameras het gewild geword in dié tydperk. Om die verlangde resultate te verkry, is verder gekonsentreer op beligtingstegnieke. Een van die mees populêre tegnieke het bekend gestaan as die "Rembrandt beligtingsmetode". 'n Getroue toepasser van dié tegniek was Madame Harlip van Berlyn wat tot in die 1940's in haar ateljee in Bonn hierdie tegniek gebruik het. Die metode het as volg gewerk: daar is 'n gat in 'n groot reflektor gesny om oor die lens van die kamera te kan pas. Die poseerder was teen 'n baie ordinêre agtergrond geplaas en 'n sag beligte portret is geskep. Dagligportrette met beligting van die Noordekant het die beste resultate gelewer. Die ateljees was meestal op 'n dak geleë waar glaspaneel die nodige lig verskaf het. (Lassam, 1989 : 27-28).

Degas en Bonnard het van foto's af geskilder, veral hulle portretstudies. Baie ander portretfotograwe het weer probeer om hulle fotoportrette soos die van kunstenaarsportrette te belig. Baie fotograwe het as kunstenaars begin, bv. Henry Cartier-Bresson, Edward Weston, Ansel Adams en Cecil Beaton, om net 'n paar te noem.

Nog 'n groot keerpunt in die wêreld van fotografie, was toe kleurfotografie moontlik gemaak is. Mense soos James Clark-

Maxwell van Cambridge, Doucos du Houron in Frankryk en Fredric Ives in Amerika het in 1890 sukses met die ontwikkelingsfase van kleurfilms gehad. Hulle het uitgevind dat indien blou, violet en groen of rooi saam gemeng word, wit lig verkry word. Die drie kleure kon ook saam gemeng word om 'n spesifieke kleur te vorm. In Duitsland het die wetenskaplike, prof. Vogel, eksperimente met organiese kleurstowwe gedoen en hy kon fotografiese emulsies produseer wat sensitief was vir kleur wat gewissel het van blou oranje, groen en geel. Rooi kon ook verkry word deur van 'n pinacyanolemulsie gebruik te maak. (Lassam, 1989 : 33).

Plaatmakers kon nou panchromatieseplate vervaardig en portretfotograwe kon deur die verskillende filters (rooi, groen en blou) foto's neem van dieselfde persoon op drie verskillende negatiewe om kleur te kry. Slegs in 1907 het die Lumière-broers die deurbraak gemaak met direkte kleurplate. Hulle het hulle produk *Autochrome* genoem en dit moes na gekyk word as 'n skyfie. Portretstudies deur hierdie nuwe skyfiemetode is gedoen deur die fotograwe Robert Demaly in Frankryk, Alvin Langdon Cobur en John C. Warburg in Amerika. Kodak het in 1935 'n verdere tegnologiese deurbraak gemaak. Die nuwe produk het bekend gestaan as Kodachrome. Dieselfde proses word vandag nog gebruik vir die vervaardiging van skyfiefilms.

In 1925 het die Duitse maatskappy Leitz, 'n kamera met die naam Leica vervaardig. Deur die beskikbaarstelling van vervangbare lense het portretfotograwe baie opelugportrette begin neem. 'n Rolleflex kamera is in Duitsland vervaardig wat 'n negatief van $2\frac{1}{4} \times 2\frac{1}{4}$ bevat het. Die portretfotograaf, Cecil Beaton het dié Rolleflexkamera sy hele lewe lank gebruik. Victor Hasseblad het 'n Hasseblad-kamera vervaardig in 1898 wat selfs wisselbare filmhouers gehad het. In 1950 het die Leica maatskappy 'n nuwe Leica vervaardig met 'n flitslig, wat selfs vandag nog 'n

voortreflike kamera is. Die vooraanstaande kameravervaardigers van ons tyd is in Japan, o. a. Nikon, Minolta, Olympus en Canon.

Saam met die ontwikkeling van die kamera het verskeie vervaardigers van ontwikkelingspapier na vore getree. Fuji, Kodak, Ilford en Agfa het die voortou geneem en produseer papier wat ongelooflike tonalewaardes gee. Van die nuutste ontwikkeling is om van laserstraaltegnologie gebruik te maak, veral in die portretfotografie wêreld. (Blaker, 1988 : 11-13).

HOOFSTUK 2

BESPREKING VAN ENKELE PORTRETFOTOGRAWE SE WERK

DIANE ARBUS

Diane Arbus se werk bestaan uit baie sterk afbeeldings. Tegnieese foute kom wel voor soos haar beligting wat in baie gevalle hard is met flitslig skaduwees. Die tegnieese probleme is egter gladnie steurend nie, omdat die fotografiese beelde so sterk en vol lewe is. Haar werk handel oor die uitdrukkings op mense se gesigte, die vasvang daarvan op die *oomblik* wanneer dit die sterkste is. Haar foto's bestaan grotendeels uit mense wat afwyk van die normale. Foto's van transvestiete, dwerge, nudiste, tweeling, prostitute, abnormale mense en verstandelikvertraagdes was deel van haar fotografiese studie.

In die boek *Diane Arbus* sien ons verskeie van haar foto's. Die foto van 'n Meksikaanse dwerg in sy hotel (Arbus, 1972:17), vang die deernis van die betrokke persoon vas. Ons kan egter sy lyding sien in sy gesigsuitdrukking. Die bottel drank op die tafel, spreek ook van 'n eensame en harde lewe. Diane Arbus het 'n flitsliggeenheid gebruik in die betrokke foto. Die skadu wat veroorsaak is as gevolg hiervan is egter nie steurend nie.

Op p.32 van Doon Arbus se boek, is 'n foto van 'n Joodse reus in sy ouers se huis in die Bronx van New York. In dié foto is geen besondere hoek of beligting gebruik nie. Die visuele beeld is egter so sterk dat van alle komposisionele en beligtingsfoute vergeet word. Jy word inderwaarheid bewus gemaak van die realiteit en die besef dat abnormale mense wel voorkom en dit met enige ouerpaar kan gebeur.

Alhoewel Diane Arbus se modelle meestal uit ongewone mense bestaan, is daar tog 'n redelike aantal sogenaamde "normale" mense wat sy gefotografeer het. Dié afbeeldings kom vreemd voor, maar die besef dat meeste mense maar net doodgewoon is, skemer deur. Hulle is geen wonderlike of perfekte mense soos die modewêreld en advertensiewese ons wil laat glo nie! Diane Arbus se werk dwing ons om op te hou om skoonheid en perfektheid te idealiseer. Diane Arbus het dokumentêre portrette geneem en gepoog om mense vas te vang soos hulle inderdaad is. Sy som haar werk soos volg op: *".... I really believe there are things which nobody would see unless I photographed them"*. (Arbus, 1972 : 15). Woorde wat van waarheid spreek en waardeur vele jong fotografe geïnspireer word.

Fig. 1.1 Meksikaanse dwerg in sy hotelkamer, New York,
Diane Arbus



TECHNICAL
DVS
KTS

Fig. 1.2 'n Joodse reus in sy ouers se huis in die Bronx,
New York, Diane Arbus



TECHNICON
DVS
DPS

WILLIAM KLEIN

Dertig jaar gelede het 'n jong en onbekende fotograaf, William Klein, skokgolwe van ongeloof en afsku deur die fotografiese gesagsorde gestuur. Sy foto's was uiters gewaagd vir die tyd en ook onaanvaarbaar. Nou, baie jare later, is sy foto's nog net so skokkend, maar die sterk invloed wat sy werk gehad het op die fotografiewêreld, word erken. By een van sy onlangse uitstallings by die Pompidousentrum in Parys, het hy weer eens gewys dat hy nog altyd 'n vrydenkende gees het. Sy styl en die atmosfeer van sy foto's is nog dieselfde as dertig jaar gelede. Aanvanklik het hy in die kunste gestudeer en op die skilderkuns gekonsentreer. Na sy studies, het hy sy kunstegnieke op fotografie begin toepas en dadelik 'n besondere talent getoon. (Lassam, : 1983 : 20-24).

Van sy eerste werk was oor New Yorkse naglewe, wat hy oor 'n tydperk van 6 maande gefotografeer het. Hy kon aanvanklik nie sy werk gepubliseer kry nie weens die feit dat dit eksessief was. Later is sy werk wel deur Chris Marker in Parys gepubliseer onder die titel "Life is good for you, and good for you in New York". Na hierdie publikasie het hy onmiddellik bekendheid verwerf. Opinies oor sy werk het gewissel van walging tot lof. Na die publikasie oor New York, het hy Rome op dieselfde manier gedokumenteer. Daarna het hy by Vogue begin werk, maar dit was van korte duur omdat hy ongelukkig daar was. Hy het bedank en Moskou gaan dokumenteer. Die Moskoufoto's was minder aggressief. Na Moskou is hy Tokio toe - dié stad het hy beskryf met die woorde "*Everything to see, nothing to be explained*". (Lassam, 1983 : 21). Uiteindelik het hy die filmwêreld betree en films soos "Mohammed Ali" vervaardig.


William Klein het definitief nie sy vryheidsin en skerp insigte, wat hom in botsing gebring het met die gesagsorde, verloor nie. Hy sê "*The camera can be lethal. Perhaps it should be licensed*". (Lassam, 1983 : 21). Dié woorde sê alles oor sy werk, hy is duidelik nie bang om die waarheid met sy foto's te wys nie. Die skrikwekkende foto getiteld "Monster dance in Paris" byvoorbeeld, beeld 'n onmenslike wese uit. Die voorwerp wat die persoon (of wese) vashou, skep 'n nog meer steurende beeld. Die ligstrepe wat geskep is, waarskynlik deur die sluiters vir 'n halwe sekonde oop te hou en van 'n flits gebruik te maak, dra by tot die atmosfeer. Daar is baie aktiwiteite in die agtergrond, maar dit is nie steurend nie omdat die voorste beeld so dramaties is. Die foto is uniek en fassinerend en het 'n inspirerende uitwerking. Dit is 'n aanmoediging om self met fotografiese tegnieke te eksperimenteer.

Een van sy ouer foto's geneem in New York stad, is selfs nog steurender. Die afbeelding is van twee kinders - een druk 'n rewolwer in die kamera se lens terwyl die ander gefassineerd kyk na sy vriend wat die rewolwer vashou. In die blik van die kind met die rewolwer, sien ons 'n uitdrukking wat nie normaalweg by kinders te sien is nie. Dit kom selfs nie algemeen by volwassenes voor nie - dit is 'n doodskyk wat sê ek sal moord pleeg as ek die kans kry! Dit is 'n baie ontstellende beeld en die fotograaf wys weer eens dat hy bereid is om mense uit te beeld soos hulle is. William Klein was in die verlede 'n leier op die gebied van dié soort fotografie en is steeds. (Thames and Hudson, 1989 : 5-12).

Fig. 2.1 Monster dans in Parys, William Klein



Fig. 2.2 Ongetiteld, portret van twee kinders, William Klein



ROBERT MAPPLETHORPE

Robert Mapplethorpe was een van die mees kontroversiële fotografeer van ons tyd. Hy het gays, blomme en veral swart mans gefotografeer soos geen fotograaf voor hom nie. Sy foto's was ongelooflik kreatief maar terselfdertyd ontstellend. Robert Mapplethorpe het sy fotografiemedium gekies volgens sy eie lewensstyl - sy ontydige dood as gevolg van vigs, bevestig dit. Die mensdom was geskok deur sy foto's, en sy dood het as waarskuwing gedien vir almal wat sy lewensstyl wou navolg.

Mapplethorpe het met 'n unieke styl en tegniek swart mans gefotografeer. Die kwaliteit en tonale waardes van sy foto's was feitlik onverbeterlik. Die modelle wat hy gebruik het, is so perfek gebou en gespierd dat dit wil voorkom asof hulle van 'n superieure ras is. Mans wat soen en mans met groot penisse was deel van sy fotografiemateriaal. Dit was asof hy die publiek wou wys hoe die homoseksuele wêreld eintlik lyk.

Hy het die styl en tegniek van sy naakstudies ook op blomme toegepas. Blomfotografie was sy leerskool veral om beligting en tegniek te bemeester. Die seksuele aspek het ook hier voorgekom, ondermeer blomme wat gedrapeer is soos penisse en vaginas. Mapplethorpe se hele wêreld het gedraai om die seksuele en hy het sy seksuelefantasieë deur die fotografiese medium vergestalt. Hy het egter ook portrette van bekendes geneem wat deur hom gefotografeer wou word. Ondanks die steurende sy van Mapplethorpe se werk, kan mens baie by hom leer t.o.v. styl en tegniek. Daarby is hy 'n meester op die gebied van naakstudies. (Conrad, 1988).

ROGER BALLEEN

Roger Ballen het ontsteltenis en opstand veroorsaak met die publisering van sy boek *Platteland images from rural South Africa* (1994). Daar is beweer dat hy die Afrikaner probeer verkleineer het met hierdie boek wat veral foto's bevat van armlankes. Wanneer ons sy geskrewe inleiding bestudeer, besef ons dat hy egter net feite weergee. Sy bedoeling met die publikasie en die foto's self wys presies wat aan die gebeur is in die streke waar die foto's geneem is. Die positiewe sy is dat dit mense bewus maak van die armoedige bestaan en sosiale onaanvaarbare gedrag wat daar voorkom. Die probleem is egter dat buitestaanders mag dink dat alle Afrikaners is soos dié in sy boek.

Sy werk bestaan uit die dokumentasie van mense. Mense met interessante, maar dikwels skokkende, voorkomste. Hy maak gebruik van natuurlike lig en ook 'n flitslig wat op sy kamera geplaas word. Die skaduwees wat die flitslig maak, is nie lastig nie weens die sterk fotografiese beelde. Hy fotografeer sy modelle in hulle huislike omgewing, hetsy in die slaapkamer, buite die huis of in die sitkamer. In meeste van die foto's word sosiale probleme uitgebeeld, veral armoede speel 'n groot rol.

Die foto getiteld "Wife of abattoir worker holding three puppies", skep 'n baie gelukkige atmosfeer. Die vrou toon tekens van afgesloofdheid, haar hare is onversorg en vuil, sy is armoedig geklee met slegs 'n T-hemp aan, maar sy het 'n uitdrukking van ongelooflike trots op haar gesig. In haar vuil, harde hande hou sy drie hondjies vas wat duidelik vir haar baie beteken. Dis 'n emosionele beeld wat die vrou se gedagtegang puik vasvang, 'n uiters roerende beeld wat sinvol weergegee word deur die fotograaf.

Die foto getiteld "Teenager with glass eye", is 'n portret van 'n seun met 'n glasoog. Die beligting is tegnies nie goed nie, weens die skaduwee wat aan die regterkant van die model se gesig val. Die beeld is egter so sterk dat dit nie steurend is nie. Wanneer na die oë gekyk word, kry ons die gevoel dat die seun in verwondering staar na iets, so asof hy die "lig" gesien het. Die moment is goed vasgevang en die gesigsuitdrukking onverbeterlik. Wat styl en tegniek betref, kan ons Diane Arbus se invloed bespeur. Die fotograaf se Ma was egter self 'n persfotograaf vir Magnum, en sy het sekerlik ook 'n groot rol gespeel in die vorming van Ballen se styl en tegniek. (Ballen, 1994).

Fig. 3.1 Vrou van 'n abattoir werker met drie hondjies,
Vrystaat, Roger Ballen



TECHNIKON
OVS OFS

Fig. 3.2 Tiener met glasog, Wes-Transvaal, Roger Ballen



HOOFSTUK 3

BELIGTING

Wanneer ons oor die beligting van 'n portret moet besluit, is die hoofkeuse of ons van natuurlike of kunsmatige lig gebruik gaan maak. Natuurlike lig het baie voordele, waarvan die goeie tonale waardes en kleure die belangrikste is. Die neem van foto's in natuurlike lig, het die voordeel dat die beligting op die foto ooreenstem met die van die lig tydens die neem van die foto. Daar is dus nie onvoorspelbare resultate soos in 'n ateljee nie. Dit is dus nie nodig om van *polaroide* gebruik te maak om resultate te toets nie. Daar is ook geen swaar toerusting om rond te karwei nie en die beligting is gratis. In baie gevalle is dit dus beter om eerder van 'n hoë ISO film gebruik te maak, bv. Kodak 1600 Ektapress (ISO 1600), as van kunsmatige beligting. 'n Verdere moontlikheid is om natuurlike en kunsmatige beligting te kombineer. Dit kan gedoen word deur van flitslig én daglik gebruik te maak. Die lastige skaduwees sal dus verwyder word, bv. oogskaduwees. 'n Flitslig kan ook teen mure of dakke geflits word, om sagter beligting te verkry.

Met die gebruik van natuurlike lig is daar ook nadele. Net sekere tye van die dag is geskik - vroegoggend en laatmiddag gee sagter lig wat beter resultate lewer. Bewolkte dae is ook goed vir die neem van portrette, want dit veroorsaak sagte en natuurlike velkleur, sonder lastige skaduwees. Reflektors kan lastige oogskadu's effektief verwyder tydens die neem van portrette, maar vereis gewoonlik die hulp van 'n assistent.

Met gebruikmaking van kunsmatige beligting is daar verskeie ligeenhede beskikbaar. Elektroniese flitslig is egter die

gewildste keuse by professionele portretfotograwe. Daar is verskeie voordele aan verbonde. Daar is altyd genoeg lig en 'n fotograaf is nie afhanklik van weerstoestande vir fotosessies nie. Elektroniese lig vries ook die aksie, wat beweging van modelle moontlik maak. 'n Verskeidenheid beligtingseffekte kan verkry word met flitslig deur die wisseling van filters en die gebruikmaking van reflektors.

Nadele van kunsmatige beligting is dat dit moeilik is om eindresultate te voorspel en dikwels is *polaroidetoetse* nodig. *Polaroidetoerusting* en films is baie duur en nie bekostigbaar vir alle fotograwe nie. Die ligte het kragpunte nodig wat nie altyd beskikbaar is as jy na 'n spesifieke terrein wil beweeg nie. (Orenstein, 1993 : 43)

Sambrele en ligkaste word saam met elektroniese flitslig gebruik, en is ideaal vir portretfotografie. Silwerkleurige sambrele kan egter maklik koue velkleure tot gevolg hê. Wit sambrele gee die ware velkleur sonder kleurafwykings. Swart buite om hierdie wit sambrele kan ligverlies voorkom. Ligkaste het sagter maar meer direkte lig tot gevolg. Ligkaste en sambrele kan ook saam gebruik word en sambrele is aansienlik goedkoper. Die keuse van natuurlike of kunsmatige lig hang dikwels af van die tipe portret wat beplan word, hetsy formele of meer kreatiewe portrette. (Orenstein, 1993 : 37-43).

HOOFSTUK 4

FILM

By die keuse van 'n film moet besluit word of 'n professionelefilm of amateurfilm gebruik gaan word. 'n Amateurfilm het 'n lang raklewe en hoef nie koud gehou word nie. 'n Professionele film het 'n korter raklewe en moet verkoel word, weens die presiesheid van formaat en eenvormigheid van emulsie.

Films wat aanbeveel kan word vir portretfotografie is die volgende:

KLEURFOTOGRAFIE

Vericolour 111 professional (vps) Kodak ISO 160

Die film het puik beligtingsspelings selfs wanneer twee getalle onderbelig is en drie getalle oorbelig word, is daar goeie resultate. Goeie veltonale waardes, realistiese kleur reproduksie, medium kontras en groot beligtingsspelings maak hierdie 'n puik film vir portretfotografie.

Reala professional (Fuji) ISO 100

Puik beligtingsspelings, op dieselfde vlak as Kodak vps en dus geskik vir portrette. Dit het 'n beter beeldkwaliteit as vps. Spesiale eienskappe: Reala kompenseer of neutraliseer lig met ander kleurbalans in die skakerings. Met die gebruik van wolfram of buisligte, bly die kleure baie neutraal sonder kleurverandering, bv. te geel by wolfram, of te blou by buisligte.

Velvia professionele film (Fuji) ISO 50 (Skyfiefilm)

Vir ongelooflike veltonale waardes, goeie kleur versadiging, goeie detail en kontras, omtrent geen grein en 'n byna drie-dimensionele beeld. Die film word sterk aanbeveel vir portretfotografie. (Orenstein, 1993 : 86-87).

VIR SWART EN WIT FOTOGRAFIE

100 Delta ISO 100

Vir die neem van baie skerp foto's. Die film bevat geen grein nie en het 'n hoë resolusie en 'n groot beligtingsspelning. (*Profoto*, Desember 1992 : 27).

KLEURFILM MET HOËR ISO VIR LAER LIGTOESTANDE

Fuji Professionele film en amateur ISO 400

Die film het 'n groot beligtingsspelning. Dit beskik oor 'n fyn grein en het sagte tonale waardes. (Orenstein, 1993 : 87).

HOOFSTUK 5

TOERUSTING

Wanneer besluit moet word oor die toerusting wat gebruik gaan word met die neem van portrette, is dit belangrik om sekere aspekte in ag te neem. Daar moet besluit word oor die tipe formaat kamera wat gebruik gaan word. Met die neem van portrette kan daar van 'n groot formaat, medium formaat of klein formaat kamera gebruik gemaak word. Die groot en medium formaat kameras is heeltemal onprakties vir die neem van die tipe portrette in my spesialiteitsrigting. Ek is dus meer aangewese op die 35 mm kamera wat ligter en makliker beweegbaar is omdat die vasvang van die oomblik van kardinale belang is. Die 35 mm kamera bied sekere voordele: Daar kom geen parallaks foute voor nie en wat jy deur die lens sien, is presies wat op die film sal verskyn. 'n Wye verskeidenheid lense is beskikbaar waarvan 'n 28 mm en 45 mm vir die neem van my portretstudies gebruik is. Die 35 mm kamera se ligmeter en flitslig maak dit moontlik om akurate liglesings te neem en die kamera daarvolgens in te stel in 'n baie kort tydperk.

Die kamera waarvan ek gebruik gemaak het, is 'n Minolta X300s. Die flitsligeenhede wat ek gebruik het is 'n Metz 45 CT 1 en 'n Canon Speedlite 199A.

HOOFSTUK 6


BESPREKING VAN EIE WERK

PORTRET 1

Met dié portret het ek gepoog om 'n oomblik vas te vang in die lewe van 'n verstandelik vertraagde kind. Die portret is geneem by die Lettie Fouchéskool te Bloemfontein, in een van die klaskamers. Die kinders was besig om tafelmaniere te oefen. Die kind wat ek gefotografeer het, was teruggetrokke en het eenkant bly sit en nie deelgeneem aan die opwinding om 'n vreemde persoon in hulle klaskamer te hê nie. Sy vriende het hom aangemoedig om te poseer, maar hy het homself nie aan hulle gesteur nie. Die kamera het inbreuk gemaak op sy wêreld en dit is waarskynlik die rede waarom hy sy hande om hom gevou het asof hy homself teen iets wou beskerm. Die bord, koppie en mes in die voorgrond is ongeorden en dui op die onvermoë van die kind om goed te organiseer. Die agtergrond en tafel dra by om die eenvoud van die kind se milieu te beklemtoon. 'n Aanhaling uit *Diane Arbus* (Arbus : 7) is van toepassing op dié portret: "*I used to worry about being like this. Not knowing more. But now' - and his eyes sort of lit up - 'now I don't worry anymore'*". Alhoewel die agtergrond as steurend beskryf sou kon word, is die gesigsuitdrukking so intens dat die aandag dadelik op die kind gevestig word. Die flitslig het ook 'n skaduwee laat val agter die kind, maar die voorste beeld is so besonders dat dit nie steurend is nie. Met 'n ligenheid sou die oomblik nie so sterk en definitief vasgevang kon word nie. Soos reeds genoem is deurgaans van 'n 35 mm Minolta X300s kamera gebruik gemaak. Die kamera se sluiterspoed was 1/60 met al die foto's. Daar is van 'n Metz 45 CT 1 en 'n Canon Speedlite 199A flitslig gebruik

gemaak wat op outomaties op F11 gestel was. Die ligenhede het my toegelaat om voldoende diepte van veld te verkry op F11 en ook modelle van naby te fotografeer. Daar is van twee Minolta lense gebruik gemaak, naamlik 'n 45 mm en 'n 28 mm. Die diepte van veld op die lense was tydens al die fotosessies op F11 gestel en in uitsonderlike gevalle op F16. Vir hierdie foto is daar van 'n 100 Delta (ISO 100) film gebruik gemaak.

Fig. 4. Ongetiteld



PORTRET 2

Dié groeppfoto is van seuns by die Lettie Fouchéskool geneem wat saam in die klas is. Die doel van die foto was om die emosie van die groep kinders vas te vang. Die klem is geplaas op die voorste seun aan die regterkant. Sy gesigsuitdrukking toon agterdog en verleentheid. Die seuns links en regs van hom het byna aggressiewe uitdrukkings op hulle gesigte. Tog is die ware emosie onbekend. Die seun heel links in die voorste ry het immers 'n vreugdevolle gesigsuitdrukking. Die meerderheid van die modelle was afsydig teenoor die hele fotografiesessie. Die 28 mm lens wat gebruik is, het definitief direkte aksent op die voorste seun aan die regterkant geplaas. Die beligting is egter nie korrek weens die feit dat die flitslig die voorste seun baie meer verlig het as die agterste seuns. Net tydens drukwerk kon die foto reg gedruk word deur terug te hou en in te brand. Die Metz 45 CT 1 moes eerder met die hand gebruik word en nie outomaties nie. Die 100 Delta (ISO 100) film het weens die groot beligtingsspeeling veroorsaak dat die foto wel gedruk kon word. Die groeppfoto is nie emosioneel steurend nie en toon net mense se emosies.

Fig. 5 Ongetiteld



PORTRET 3

Die foto is geneem by die Lettie Fouchéskool se speelgronde. Tydens pouse het ek die seun gewaar met die skerm om sy kop, soos dié van 'n bokser. Ek het afgelei dat die seun dalk 'n kopbesering opgedoen het, en het aan sy fotografiese potensiaal gedink. Ek het hom gevra om vir my te poseer op die klimraam. Agter hom was 'n meisietjie met 'n gesigsuitdrukking vol emosie. Die seun se uitdrukking is misterieus, en kan wel vergelyk word met dié van 'n bokser - 'n gedetermineerde uitdrukking met oë wat vreesloos na die kamera staar. 'n 45 mm lens is gebruik sodat distorsie minimaal was. Die film was 100 Delta (ISO 100) en goeie tonale waardes is sigbaar. 'n Canon Speedlite 199A flits is gebruik om lastige skaduwees te verwyder. Natuurlike lig en flitslig is gemeng om tonalewaardes te verbeter.

Fig. 6 Ongetiteld



PORTRET 4

Ek het die potensiaal gesien om 'n sonneblomveld te kombineer met 'n portretstudie. Die model moes 'n karaktervolle gesig hê, daarom was die bejaarde dame my keuse. Die eerste probleem wat ervaar is, is dat sonneblomme se koppe saam met die son beweeg en die regte tyd van die dag moes dus gekies word. Daar is op vroegoggend besluit. Teen 8 uur was alles opgestel en kon met die fotosessie begin word. 'n 28 mm lens is gebruik met 'n Metz 45 CT 1 flitslig. Daar is heelwat met natuurlike en onnatuurlike lig geëksperimenteer, en met die betrokke foto is net van natuurlike lig gebruik gemaak. Die film was Fuji Reala ISO 100, wat goeie kleure en veltonalewaardes weergee tydens sonskyn en met die gebruik van 'n flitslig. Wanneer met bejaarde persone gewerk word, moet hulle gerief in ag geneem word, en daar moet ook gewaak word teen ooreising.

Fig. 7 Ongetiteld



12-11-2010
10:15 AM
CIS

PORTRET 5

Vir hierdie portretstudie is 'n model gesoek met 'n sterk gesigstruktuur en 'n hond met 'n karaktervolle gesig. Die man is gefotografeer teen 'n agtergrond van blou lug met 'n polariseerder op die lens. Daar is van 'n 28 mm lens en 'n Metz 45 CT 1 flitslig gebruik gemaak. Die man is op 'n hoë voorwerp geplaas om voldoende hoogte te verkry en sodoende 'n steurende agtergrond te vermy. Die flitslig was op outomaties gestel en 'n liglesing is deur die flitslig geneem op die hond en sodoende is daar nie werklik genoeg lig in die gesig van die man nie. Daar is egter genoeg detail en dit dramatiseer die gesigsuitdrukking tot 'n mate. Die film wat gebruik is, was 'n Fuji HG II ISO 100 . Die effek van die lig sou dalk meer dramaties gewees het indien 'n Fuji Reala ISO 100 film gebruik is.

Fig. 8 Ongetiteld




Handwritten text, possibly a signature or date, located in the bottom right corner of the page.

PORTRET 6

Die foto is op die ingewing van die oomblik geneem, en was ook die laaste foto op die film. Dié portret dien dus as bewys dat beplanning nie altyd van kardinale belang is nie. 'n 28 mm lens is gebruik met 'n Canon Speedlite 199A op die kamera. 'n Fuji Reala ISO 100 film is gebruik. Die gebruik van 'n wyehoeklens in dié geval, het veroorsaak dat die gesig van die persoon uit proporsie is en baie klem op sy oë geplaas word. Daar kom wel neusskadu voor, maar die gesigsuitdrukking is so dramaties dat dit nie steurend is nie. Die rooi blom verleen kleur aan die toneel en rond die portret af. Vele interessante stories kan om die portret gebou word indien mens jou verbeelding vrye teuels gee.

Fig. 9 Ongetiteld



PORTRET 7

Die volgende vier foto's hou direk verband met mekaar. Alhoewel dit twee afsonderlike fotosessies was, is dit van dieselfde mense, hond en plek. Daar is vooraf met die man gereël om hom en sy gesin te fotografeer. Met die foto's het ek gepoog om die haglike omstandighede wat huidiglik heers onder sommige blankes, uit te beeld. Ek wou emosie en gevoel vasvang, maar ook mense van sosiale en gemeenskaplike probleme bewus maak.

Met die eerste besoek aan die gesin, is hierdie spesifieke foto geneem. Dit is van 'n hond met sy eienaar in die agtergrond. Dit kom voor of die hond net rustig lê en slaap, maar in werklikheid is hy enkele dae tevore met 'n byl gekastreer. Daar is gepoog om op 'n simplisitiese manier die vreeslike wandaad uit te beeld. Alhoewel nie sigbaar nie, verkeer die hond in ongelooflike pyn, terwyl die eienaar en boosaard ewe tevrede op sy bank sit. Emosioneel was dit uiters moeilik om as fotograaf jou te distansieer van die onderwerp wat gefotografeer is. Met die fotosessie is 'n 28 mm lens gebruik. Vir beligting is van daglig gebruik gemaak en ook van 'n Metz 45 CT 1 flitslig. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik.

Fig. 10 Ongetiteld



PORTRET 8

Dié foto is geneem van twee niggies wat by die voorste dogtertjie se ouers gebly het vir die dag. Ek het die pa gevra of ek hulle mag fotografeer en hy het dadelik ingestem. Sy dogter wou aanvanklik nie poseer nie, maar na vele dreigemente van sy kant af, het hulle op die muurtjie gaan sit. Die vrees van die dogter vir haar pa was duidelik aanvoelbaar.

Die voorste dogter se gesigsuitdrukking toon tekens van diepe ongelukkigheid. Deur weg te kyk, toon die ander dogter haar verset teen die fotosessie, en moontlik dui dit in haar geval ook op ongelukkigheid.

Vir die neem van die foto is gebruik gemaak van 'n 28 mm lens. Daar is van daglig en ook van 'n Canon Speedlite 199A flitseenheid gebruik gemaak. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik. Tydens die druk van die foto is ingebrand om die skaduwee van die windmeul te verdonker. Daar is na 'n nommer vyf filter verander om dus nie die muur self te verdonker tydens inbranding nie.

Fig. 11 Ongetiteld




PORTRET 9

Die foto is weer eens van die man wat poseer met sy hond. Dit is deel van die tweede fotosessie. Soos gesien kan word, het die hond herstel en hy is meer beweeglik. Hy is egter vasgemaak met 'n ketting aan 'n draad en kan nooit vryelik rondbeweeg nie. Die man kom voor in die foto as die heerser oor sy vrou, kinders en eiendom, dit is sy domein.

Die foto is geneem met 'n 28 mm lens en 'n Metz 45 CT 1 flitslig. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik.



Fig. 12 Ongetiteld



PORTRET 10

Die foto toon 'n vrou in haar kombuis, die wêreld waar sy mag hiet en gebied. Die vertrek spreek van armoede en ellende wat weer eens dui op die haglike omstandighede van die gesin. Sy kom egter gelukkig en tevrede voor. Tydens my eerste besoek was die vrou swanger, en met die tweede besoek was die kind reeds 'n paar dae oud.

Die koppie in die foto veroorsaak dat jou oog gelei word eers na die koppie self, dan na die vrou en laastens na die stoof met potte. Die feit dat die stoof nie ingeprop is nie, wys daarop dat dit min gebruik word.

Die tonale waardes op die foto is baie goed. 'n Canon Speedlite 199A was die beligtingsbron. 'n 28 mm lens is gebruik. Die ligte skaduwee wat voorkom is gladnie steurend nie. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik.

Fig. 13 Ongetiteld



PORTRET 11

Die foto is geneem by die Nasorgsentrum te Bloemfontein. Verstandelik vertraagde kinders gaan na die Lettie Fouché skool en nadat hulle die ouderdom van 20 jaar bereik het, gaan hulle na die Nasorgsentrum waar hulle versorg word tot die dag van hulle dood. Daar is sekere take wat hulle moet verrig. Die persoon regs voor op die foto is besig om 'n staander, wat deel is van die sentrum se bakkerytoerusting, af te skuur. Hy het net vyf persent sig en is verstandelik vertraag. Sy gesigsuitdrukking is een van intense emosie. Dit is asof hy van bo af hulp soek om hom te help met die taak: *"Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?"* (Psalm 121). Ek dink dié aanhaling uit die Bybel som sy uitdrukking goed op. Die gesigsuitdrukking van die persoon in die agtergrond maak die toneel meer dramaties. Die foto is met 'n 28 mm lens geneem. 'n Canon Speedlite 199A is gebruik as beligting en 'n 100 Delta (ISO 100) film.

Fig. 14 Ongetiteld



THIS BOOK IS
THE PROPERTY
OF THE
02 AUG 1996
TECHNIKON
FREE STATE

TECHNIKON
CVS/OFS
1996-02-15
PRIVATE BAG X20539
BLOEMFONTEIN

PORTRET 12

Die foto van twee verstandelik vertraagde bejaardes is ook by die Nasorgsentrum te Bloemfontein geneem. Die gesigsuitdrukking van die voorste bejaarde is een van erns. My teenwoordigheid het hom geïriteer. Hy wou net alleen gelaat word met sy eie gedagtes. Sy gesig toon tekens van die hardheid van die lewe. 'n Aanhaling uit Diane Arbus se boek deur Doon Arbus werp 'n positiewe lig op die lewe van vertraagde persone: "*Most people go through life dreading they'll have a traumatic experience. Freaks were born with their trauma. They've passed their test in life. They're aristocrats.*" (Arbus, 1972 : 3). Die agterste bejaarde het belangstelling in my getoon, die fotonemery was waarskynlik 'n afleiding vir hom van sy alledaagse saai roetine.

Die takies wat meeste van die inwoners uitvoer, kan as vervelig en eenvoudig beskryf word. Party het egter meer opwindende werk, soos om te kyk na die boerderytjie van die Nasorgsentrum. Dit wou tog blyk of daar gepoog word om diegene wat by 'n spesifieke afdeling van die Nasorgsentrum wil inskakel, te akkomodeer. Die sentrum het 'n wye verskeidenheid afdelings wat as winsgewende bedrywe bestuur word, naamlik 'n drukkery, 'n houtwerkafdeling, 'n bakkery, 'n naaldwerk afdeling, en soos reeds genoem, 'n boerderytjie. Die sentrum kry wel 'n staatssubsidie, maar daar word tog ekstra fondse benodig wat deur bogenoemde bedrywe ingewin word.

'n 45 mm lens is gebruik. Daar is van natuurlike lig en ook 'n Metz 45 CT 1 flitslig gebruik gemaak. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik.

Fig. 15 Ongetiteld



PORTRET 13

Die foto van 'n blinde verstandelik vertraagde is ook by die Nasorgsentrum te Bloemfontein geneem. Tydens my besoek is ek deur die hoof vergesel na al die afdelings van die sentrum. Ek het die blinde persoon opgemerk en later die hoof gevra of ek hom alleen in sy kamer kan fotografeer. Ek wou poog om die eensaamheid van blindes uit te beeld. Die hoof het my gemaak dat ek eers die persoon se toestemming moes vra voordat ek hom fotografeer. Dit was vir my vreemd omdat die meeste van die inwoners by die Sentrum graag poseer of andersins nie registreer wanneer jy hulle fotografeer nie. Met my ontmoeting met die persoon, het ek besef dat hy verstandelik op 'n hoër vlak as die ander vertraagdes is. Hy het normaal gekommunikeer en ek kon aan die einde van my fotosessie nie verstaan waarom hy 'n inwoner van die Sentrum is nie. Al verklarings is dat hy gesukkel het om by die blindes se skool aan te pas en nie Braille kon bemeester nie. Na-ure tree hy op 'n gereelde basis as sanger op by funksies.

Die persepsie dat verstandelik vertraagde mense nuttelose koolkoppe is, is na my mening uiters ongevoelig. In die geval van die blinde persoon dus soveel te meer. Hopelik sal meer mense se opinies eendag oor vertraagdes verander want hulle is mense wat ook 'n regmatige plek in die samelewing verdien.

Tydens die fotosessie is 'n 28 mm lens gebruik. 'n Metz 45 CT 1 flitslig is gebruik, en 'n 100 Delta (ISO 100) film.

Fig. 16 Ongetiteld




PORTRET 14

Die foto is van 'n persoon met Russiese gelaatstrekke . Toe ek die model 'n tyd gelede ontmoet het, het ek dadelik opgemerk dat hy 'n besonder interessante gesig het, met 'n sterk beenstruktuur. Toe ek verneem dat die model al verskeie kere oorsee was en 'n Russiese mus besit, het ek besluit om hom te vra om te verklee in sy Russiese drag en te poseer in 'n natuurlike omgewing met bome en bosse in die agtergrond. Voor die fotosessie het ek besluit dat hy sy horlosie moet verwyder, maar wel sy silwer ketting moet aanhou vir 'n meer dramatiese effek.

'n 28 mm lens is gebruik saam met 'n Metz 45 CT 1 flitslig. Daar is van 'n Fuji Reala ISO 100 film gebruik gemaak.

Fig. 17 Ongetiteld



PORTRET 15

Ek het besluit ek wou 'n jong meisie se onskuld en kinderlikheid uitbeeld. Dogtertjies speel dikwels met hulle ma's se skoene en juwele en probeer op die manier volwassenes na-aap, en dit is presies wat ek wou vaslê. Die groot skoene wat nog meer gedramatiseer is deur 'n wyehoeklens, het die kinderlike onskuld beklemtoon. Die agtergrond veroorsaak dat sy geplaas word in 'n huislike omgewing . Haar gesigsuitdrukking is een van erns, maar ons sien tog 'n kinderlike blik in haar oë.

'n 28 mm lens is gebruik saam met 'n Metz 45 CT 1 flitslig. Die film was 'n 100 Delta (ISO 100).

Fig. 18 Ongetiteld



PORTRET 16

Ek het besluit om hierdie portret laaste te bespreek weens die feit dat dit die wesentlike van menswees vir my vasvang. Wat sal van die wêreld word as vriendskap en liefde onder die menseras verdwyn? Die twee jong seuns het egter meer as net vriendskap en liefde wat hulle bind. Hulle deel ook 'n gevreesde siekte, naamlik Down-sindroom. 'n Kind met hierdie toestand se liggaamselle bevat 47 in plaas van die normale 46 chromosome. Die kinders is liefwillig van geaardheid en familie en kennis is geneig om hulle te vertroetel. Die ontstellendste aspek van die siekte is dat die kinders se hoogste verwagte lewensduur 22 jaar is. (Van Elfen, 1993 : 138).

Die foto is by die Nasorgsentrum te Bloemfontein geneem. 'n 28 mm lens is gebruik. Om oogskadu te voorkom is 'n Metz 45 CT 1 flitslig gebruik. 'n 100 Delta (ISO 100) film is gebruik.

Fig. 19 Ongetiteld



SLOT

Die historiese oorsig toon dat portretfotografie voortgebou het op 'n baie ou tradisie, naamlik die portretskilderkuns, maar ten opsigte van die *manier* of *tegniek* van afbeelding 'n relatief jong bedryf is. Deur intense toewyding en volharding kon die grondleggers daarin slaag om binne enkele dekades 'n tegnologiese rewolusie te weeg te bring wat die afbeelding van die werklikheid betref. Wetenskaplike navorsing en kommersialisering het die bedryf in so 'n mate gestimuleer dat byna almal uiteindelik deelnemers geword het van die nuut ontdekte fotografiese wêreld.

Maar al beskik ons vandag oor die wonderlikste fotografiese toerusting, het die basiese probleme van portretfotografie waarna ek in my probleemstelling verwys het, nog nie verander nie. Die kernprobleme bly steeds aspekte soos beligting, karakterisering en posisionering. Die mate waarin die fotograaf daarin slaag om tegniese middele en eie gawes op 'n unieke wyse te kombineer, bepaal myns insiens die sukses van die eindproduk.

BRONVERWYSINGSLYS

Arbus, Doon 1972. *Diane Arbus*. New York. Aperture Foundation.

Ballen, Roger 1994. *Platteland images from rural South Africa*. Rivonia. William Waterman Publications.

Blaker, A. A. 1988. *Photography - Art and Technique*. 2nd Edition. London. Focal Press.

Conrad, Peter 1988. *Mapplethorpe Portraits*. New York. National Portrait Gallery Publications.

Die Bybel, 1981. Richard Clay (The Chaucer Press) Bpk., Bungay, Suffolk.

Langford, Michael 1980. *The story of Photography*. London. Focal Press.

Lassam, Robert 1989. *Portrait and the Camera*. London. Studio Editions.

Orenstein, Vik 1993. *Creative Techniques for Photographing Children*. Hong Kong. Writers Digest Books.

Thames and Hudson 1989. *William Klein Close Up*. London. Thames and Hudson.

Van Elfen, Jan 1993. *Dokter in die huis*. Goodwood, Kaap. Nasionale Boekdrukkery.

Tydskrifte

Camera and Creative Photography. Scarborough. Pindar Print
Ltd. November 1983.

Profoto. Desember 1992. Johannesburg. Vol.9, Nr 11.